


Die Kaapstadse Orkes

Deur „No-te”



T IEN jaar van afwisselende swoeg en rus, swaarkry en beter dae, van strewe, gesukkel en wederwaardighede wat soms tot aan die grense van die moedeloosheid geraak het, is net verby—tien jare wat vir die publiek van Suid-Afrika meer beteken het op opvoedkundige gebied as hul miskien ooit sal besef.

Dit was 'n saak van lewe en dood, en die stryd om te bestaan duur nog voort; maar laat ons hoop dat die pragtige Kaapstadse Orkes, wat net hul tiende verjaardig gevier het, triomfantlik uit al hul moeilikhede gedurende die nuwe jaar sal kom.

Hoe goed herinner ek my nog die jare 1913-4 toe die koerante van Kaapstad vol was van „Ons eie Orkes.” Daar was byna geen gesprek gevoer nie, of die naam van die Orkes was genoem. Elkeen wat enig-sins belang gestel het, het met verlange uitgesien na die eerste uitvoering.

Die dag het dan ook aangebreek. Op 28 Februarie 1914 het die Kaapstadse Orkes (toe nog genoem die Munisipale Orkes) sy eerste uitvoering gegee.

Die program, wat in elke opsig 'n merkwaardige een was, veral vir 'n eerste uitvoering van 'n nuut-opgerigte Orkes, was soos volg:

1. Oewerture tot „Die Meestersingers van Neurenberg” R. Wagner.
2. Onvoltooide Simfonie, Franz Schubert.
3. Welsh Rhapsody E. German.
4. Oewerture tot „Die Vrolike Vroue van Windsor” O. Nicolai.
5. Twee Dele uit die Lieriese Reeks. Op. 54. (3) Nocturne. (4) Mars van die Dwerge E. Grieg.
6. (a) Praeludium A. Jarnefelt.
(b) Valse Triste J. Sibelius.
7. Twee Hongaarse Danse ... J. Brahms.
8. Seleksie—„The Arcadians” L. Moncton en H. Talbot.
9. Wals—„Toujours ou Jamais” E. Waldteufel.
10. Mars—„Lorraine” L. Ganne.

Om nou die hele geskiedenis van die Orkes te beskryf; hoe hy in die lewe geroep is; al sy doen en late in die skynbare korte tydperk van tien jaar, sou 'n boekdeel beslaan. Ons gaan dus net kortliks aanstip.

In 1913, met die verskuiwing van die Imperiale troepe van Suid-Afrikaanse bodem, het baie van die militêre musiek-korpse wat voorheen veel gedoen het om genot aan musiekliefhebbers te verskaf, tot niet geraak—vir hierdie land altans—, en toe begin die Kaapstadse Munisipaliteit voel dat hulle iets moes doen om hierdie leemte aan te suiwer, en nie net hierom nie, maar ook om hul reeds pragtige stad nog meer aantreklik te maak.

Daar is 'n kommissie aangestel geword om verslag uit te bring insake die totstandbring van 'n Munisipale Orkes.

Die kommissie het toe in hul verslag gesê dat hulle reken dat 'n orkes soos volg opgemaak, vir 'n begin altans, voldoende sal wees:

Dirigent, leier, drie eerste viole, twee tweede viole, een alt, twee violonselle, een

bas, twee klarionette, twee kornette, een skuiftrumpet, een tambøer, een hoboë en een fagot; 'n totaal dus van agtien spelers.

Applikasies is gevra geword vir 'n dirigent, en mnr. Theo. Wendt is assulks aangestel.

Mnr. Wendt het dadelik probeer om die Stadsraad te beweeg om die orkes van neentien tot dertig te vergroot, en sy poging het geluk.

orkes kon aansluit. Vandag is sake reeds beter, danksy die invloed van die Kaapstadse Orkes, direk of indirek.

Die Orkes is eindelijk op die been gebring, en op 28 Februarie 1914 is die eerste uitvoering gegee, soos hierbo genoem.

Die Orkes het spoedig ontwikkel; en reeds in Julie van dieselfde jaar het hul op toer gegaan en ag-en-dertig stede en dorpe vergas op hul pragtige musiek. Hulle het in 'n tydperk van neë weke sestig konserte gegee en meer as 2,000 myl afgelê.



MNR. THEO. WENDT,
dirigent van die Kaapstadse Orkes.

Die spelers moes toe gesoek word, van wie slegs agtien in ons eie land gekry is.

Laat ons net hier, tussen hakies, sê dat dit ons nie vreemd voorkom nie. Ons volk is nog ver, ver agter op die gebied van musiek, en dit verbaas ons dat hier destyds wel nog agtien spelers gekry is wat by so 'n

Ná hulle terugkeer in Kaapstad het die Groot Oorlog reeds uitgebreek. Elkeen het toe net oorlog gedink en oorlog gepraat. Die groot idees van die Stadsraad in verband met die vergroting en verbetering van verskillende konsertplekke het in duie geval, die opkoms na die orkes-uitvoeringe

was nie te goed nie, maar dis 'n bouse saak wat niemand goeddoen nie. Ten gevolge hiervan het die Stadsraad, nadat mnr. Wendt daarop aangedring het, die Stadsaal eenmaal per week afgestaan; en so het die weeklikse Simfonie-konserte, wat die naam van die Orkes beroemd gemaak het, hul ontstaan gekry.

Die Orkes het voortgegaan, maar reeds het ons al gehoor dat dit nie betalend was nie. Die gemiddelde getal konserte was 300 per jaar. Die toegang tot die konserte was destyds bespotlik laag, en geen wonder dat die Orkes daaronder gely het nie.

In 1919 het die Orkes weer op toer gegaan; en ek herinner my goed hoe anders dinge in Kaapstad daar uitgesien het tydens die afwesigheid van die Orkes. 'n Mens kon nie help om te merk dat daar êrens 'n groot leemte was nie, en 'n bewys hiervan was die volle saal met die eerste konsert ná die terugkoms van die Orkes.

In 1920 het die skoene nog meer begin knyp. Sake het treurig gegaan met die Orkes, en die pragtige Donderdagaand-Simfonie-konserte moes verban word. Dit het 'n opskudding verwek. Die koerante

geheel Suid-Afrika is, is geen twyfel aan nie. Graag sou ons sien dat die toere langer en meer gereeld kon wees—maar dit vereis geld.

Ná die skrik wat die publiek van Kaapstad in 1921 ondervind het, het hul tog weer wakker geword; en die jaar 1922 was een van die beste jare, finansiële, vir die Orkes gewees. Gedurende hierdie jaar het die Orkes twee kort kunsreise aanvaar, die tweede waarvan finansiële hopeloos was.

In 1923 het die Bestuur weer gesien dat hulle n-oes inkort; hul het selfs aan die ontslaan van enige lede van die Orkes gedink.


Waarom moet sulke drastiese maatreëls tog ooit nodig word in verband met „Ons Orkes”? Ons moet eerlik sê ons verstaan die sake nie. Ons hoor telkens van finansiële agteruitgang in die Orkes, telkens word daar op een of ander manier aangeklop om hulp. Ons weet dat baie van ons lesers hart en siel vir die Orkes is. Skrywer hiervan het baie op die platteland rondgereis en weet wat die gevoel vir die Orkes is. Sal daar dan tog nie 'n einde aan die wisselvalligheid van die bestaan van die

Dit sou te veel plek opneem as ons alles moes beskrywe—daarom gaan ons net spesiaal die aandag kortliks bepaal by die konserte van Woensdagaand 27 Februarie en Donderdagaand 28 Februarie.

Die uitstaande ietems op die program van Woensdagaand was die Sesde Simfonie (Patetiesk) van Tschaikovsky en die Graal-toneel uit *Parsifal*, van Wagner.

Die Simfonie is gedirigeer deur mnr. Lyell Taylor, van die Durbanse Orkes. Ons het nog nooit die Patetiesk so gehoor nie. Dat mnr. Taylor wel alles uit die Orkes gehaal het wat moontlik was, is ongetwyfeld; en dat ons dit geniet het, is ook waar; maar of hy wel die ware gees van die stuk, in alle opsigte, weergegee het, staan te betwyfel.

Die Graal-toneel, wat onder leiding van mnr. Wendt was, is uitgevoer deur die gesamentlike kore van die „Cambrian Society” en die Dameskoor van die Kollege van Musiek, Kaapstad, saam met die Orkes. Ons voel onself grootliks bevoorreg dat ons ook hier in ons eie land iets van hierdie gehalte kon hoor. Ons sien met verlange uit na meer sulke sande en hoop dat dit



DIE KAAPSTADSE ORKES.

was vol daarvan. 'n Groot deputasie bestaande uit enige van die vernaamste en welbekendste manne in ons land het die Stadsraad gaan spreek om te sien wat gedoen kon word. Reëlinge is getref geword, en die Donderdagaandkonserte het weer begin—gelukkig vir Kaapstad en die gehele musieklewe van Suid-Afrika!

Daar was egter nog 'n skroef los. Die doodsteek het gekom toe die stoel vir Musiek aan die Johannesburgse Universiteit aan mnr. Wendt aangebied is, en hy dit ook aangeneem het.

Hier het die Publisiteitsvereniging in die bresse gesprong. Hulle het dit op hulself geneem om die bestuur van die reeds wankelende Orkes oor te neem onder seker voorwaardes. Mnr. Wendt, wat reeds op weg na Johannesburg was, is gesoebat geword om terug te kom. Gelukkig het hy gehoor gegee, en die Universiteit was goed genoeg om hom te laat kom.

Sake het toe weer taamlik verbeter. In 1921 het die Orkes op sy derde reis gegaan. Dat hierdie toere van ontsaglike waarde vir

Orkes kom nie? O.i. is die Orkes absoluut onmisbaar vir Suid-Afrika. Die goeie, groot en edel werk wat hy reeds in sy kort bestaan verrig het, sal nooit besef word nie. Daar is niemand of min mense wat die moeilikhede begryp waarmee mnr. Wendt en sy getroue lede te kamp het om die Orkes op so 'n hoë peil te hou. Waar lê dan die fout?

* * * * *

28 Februarie 1924 was aan die nader. Groot pogings is aangewend om 'n werklike groot tienjarige bestaansfees te vier. Alles is gedoen wat kon gedoen word, en 'n feesweek is vasgestel.

Die week het geloop vanaf Maandagaand 25 Februarie tot Saterdag 1 Maart 1924; en wat alles in dié week deur die Orkes gedaan is, moes werklik bonatuurlike kragte van mnr. Wendt en die lede van die Orkes gevery het.

Hoe graag sou ons gesien het dat geheel Suid-Afrika 'n gedeelte van die feesweek van die tienjarige bestaan van die Orkes kon bygewoon het.

moontlik sal wees nog voordat die Orkes eers weer 'n Feesweek moet belewe.

Die konsert van Donderdagaand was in een woord kolossaal. Die heer Anton Maaskoff het ons weergegee twee dele uit die Concerto in D van Beethoven vir Viool en Orkes—die enigste Concerto wat Beethoven geskryf het—, en daarna het ons die massiewe neënde Simfonie met Slotkoor, van Beethoven, gehoor. Voorwaar 'n merkwaardige aand! Dit het gevoel of ons steeds aan die grense van die hemel gesweef het. Die heer Maaskoff laat min van homself sien. Sy toon is miskien nie alte groot en vol nie, maar dit kom ons voor of hy uitgeblink het in die Concerto. Ons verlang om hom nogmaals te hoor.

Die Neënde Simfonie!! Dis onbeskryflik. Daar is geen end aan die prag van hierdie grootse Simfonie nie, en waar ons nog die geleentheid gehad het om die Slotkoor (deur die „Cambrian Society” en die Dameskoor van die Kollege vir Musiek) te hoor, het dit ons heeltemal oorgeplaas in 'n ander wêreld.

Waarom moet ons Orkes tog so sukkel om 'n bestaan? Sal niemand dan in Suid-Afrika soveel belang in musiek stel dat hy of sy, al was dit dan ná hul dood, ons pragtige Orkes uit al sy moeilikhede sal kan help nie? Dis goed dat ons die Orkes waardeer, maar net waardering sal hom nie in die lewe hou nie.

* * * * *

Saterdag 1 Maart, die laaste aand van die Feesweek, het mnr. Wendt 'n goue horlosie ontvang as blyk van sy getroue en gewaardeerde dienste; maar nie net 'n horlosie was genoeg om die waardering van die ondersteuners te betoon nie; hy was ook bekroon met 'n louerkrans, en ons meen mnr. Wendt weet wat dit beteken.

* * * * *

Hou moed, jul yweraars, hou moed: die jarelange werk sal nooit en kan ook nooit

verlore wees nie. Vir ons is julle nie die Kaapstadse Orkes nie, maar wel reeds „Ons Orkes.” Ons wens julle alle geluk en voorspoed toe met die nuwe jaar.

* * * * *

Die Burger neem nou die saak van die Orkes ernstig op. Dit verheug ons.

Iemand wat wens om onbekend te bly, het £1,000 toegesê tot die instandhouding van die Orkes, op voorwaarde dat die Munisipaliteit van Kaapstad nie minder as £7,500 per jaar bydra nie en die publiek van Kaapstad jaarliks, vir drie jaar, £3,000 opbring vir die instandhouding van die Orkes.

Dis miskien goed dat die vriend wens om onbekend te bly, daar hy anders van baie van sy kosbare tyd mag beroof word deur die aanname en lees van dankbetuigings van alle kante. Wie hy ook mag

wees, ons is oortuig dat hy 'n groot gees in die samelewing moet wees. Ons dank hom vir sy edel voorbeeld.

Die Burger gee nou aan die hand dat Kaapstad, soos b.v. Amsterdam, die hand in die sak moet steek en 'n fonds bymekaar maak wat groot genoeg sal wees om uit die rente daarvan die bestaan van die Orkes te verseker—'n kolossale voorstel, maar waarom sou Kaapstad dan die ewige skande oor hom haal om „Ons Orkes” in duie te laat val?

Ons is bly om te sien dat mnr. Wendt gedurende sy rondreise opgemerk het dat die ontwikkelde jong Afrikaner baie entoesiasies is oor die Orkes en dat hy meen dat ook hulle nie sal toelaat dat die Orkes in duie val nie. Dis ook die hoop wat ons koester, en mag dié hoop tog nie beskaam word nie.